Saam boer ons vooruit
Together cultivating success
www.laeveld.co.za



# Ian Share

**Area: Addo**
**T: 072 632 3086 / E: is@laeveld.co.za**

**Gewasse:** Sitrus, druiwe, steenvrugte, kernvrugte
**Aanbieding:** Oesbeskerming, plantvoeding, presisiedienste

Ian Share is 'n gebore Oos-Kapenaar van Port Elizabeth, waar hy sy skoolloopbaan voltooi het. In 2009 het hy 'n Landboudiploma by die Nelson Mandela Metropolitaanse Universiteit verwerf. Hy is getroud met die liefde van sy lewe, Sophia, en hulle het twee kinders, Ben-David en Sophia.

Sport was nog altyd vir hom belangrik en hy het verskeie groot titels in amateurstoei verwerf. Tussen die sport en sy studies deur het hy ook gewerk om sy studies te betaal. Tydens Ian se studies het hy praktiese ondervinding in die Sondagsriviervallei opgedoen, waar hy onder meer 120 ha sitrus bestuur en ontwikkel het. Dit het sy belangstelling en kennis oor sitrusproduksie opgebou en versterk.

Later het hy 'n betrekking as Tegniese, Bemarkings- en Moniteringsbestuurder by X Sterile Insects aanvaar. Dit is hier waar sy belangstelling in monitering ontstaan het. Volgens Ian is hierdie praktyke baie belangrik, veral met uitvoermarkte waar daar gepoog word om die chemiese impak op vrugte-residue te verminder.

***In 2015 sluit Ian by Laeveld Agrochem aan om die Sondagsriviervallei te bedien. Dit was 'n nederige begin vanuit die Share-huiskantoor in Port Elizabeth.***

Saam met Laeveld Agrochem se tegniese span bied hy alomvattende oesbeskerming en doeltreffende bestuur van plantgewasse. Verder is LAC leiers in die sitrusbedryf deur eksklusiewe produkte en dienste soos presisie-boerdery en MYFARMWEB™ te bied.

Volgens Ian kom hy nie op 'n plaas omdat hy daar moet wees nie, maar omdat hy daar WIL wees – en nie net vandag of môre nie, maar ook die volgende seisoen en die seisoen daarna.

Tegnologie speel 'n reusagtige rol in Ian se werk, en hy glo hy kan nie daarsonder nie. "'n Mark wat skoner en beter vrugte soek, maak dit amper onmoontlik om beide die mark en die kliënt gelukkig te hou, maar met nuwe tegnologie is ons in staat om meer akkurate en vinniger besluite te neem," sê hy.

***Ian sê die toekoms is blink en hy is positief oor die pad vorentoe. "Ek glo ons manier van kliëntediens, ons betrokkenheid by plaasbestuur en ons fisiese teenwoordigheid as 'n kliënt in nood is of raad nodig het, maak ons onmisbaar vir die boer."***

Volgens hom sal daar altyd steeds 'n plek en tyd wees vir ouer metodes en stelsels, want die landboubedryf is op hierdie tegnieke en metodes gebou. Hy voel egter 'n boer moenie nuwe tegnieke en stelsels by hom laat verbygaan nie, want dit kan noemenswaardige verskille op 'n plaas meebring.

**Ten slotte sê hy: "Die krag lê nie in my alleen as 'n individu nie, maar in die span agter my en om my. Dus is ons leuse - *Saam boer ons vooruit*."**

**Laeveld Agrochem verseker opbrengs-optimalisering volgens elke produsent se spesifieke behoeftes.**
Ons gekwalifiseerde landboukundiges, wat ondersteun word deur 'n groot span tegniese spesialiste, het die kennis en kundigheid om met die volledige spektrum van gewasbeskerming, grondoplossings en plantvoeding, die beste advies te gee.